# GEMEENTEBULLETIN

**23 APRIL 2021**

## EREDIENSTE – AANLYN EN IN DIE KERK

**Sondag 25 April 2021**

Oggenddiens in die kerk en aanlyn 08:30 | Ds. René Potgieter (Span 2)

250 persone kan die erediens in die kerkgebou bywoon. **Geen besprekings is nodig nie.** Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal. Tee en koffie sal Sondag na die diens in die TEETUIN bedien word. Die familie-, meditatiewe, asook die Relevantdiens hervat weer na die skool-vakansie op 9 Mei.

## BEROEPINGSPROSES

In 2022 tree twee van die gemeente se leraars af. Callie Visagie se dienstermyn eindig in Januarie en Why Duvenhage s'n in Julie. Die kerkraad het reeds in 2020 met strategiese beplanning begin om te verseker dat die oorgangsproses met hulle aftredes glad sal verloop. In die lig daarvan word die beroeping van 'n leraar in ds. Callie Visagie se plek vroegtydig aangepak. Tydens die vorige kerkraadsvergadering is 'n pre-advieskommissie aangestel om met hierdie proses te begin. Daar word beoog om in Mei 2021 advertensies te plaas sodat aansoeke in Junie/Julie verwerk kan word. 'n Spesiale kerkraadsverga-dering sal dan vir einde Julie/Augustus belê word, waartydens 'n beroep uitgebring sal word. Diensaanvaardig is Februarie 2022.

Die Here het oor die jare heen met die beroeping van elke leraar 'n besondere nuwe era in Stellenberg laat aanbreek. Ons vertrou dat dit ook so sal wees met dié proses.

Lidmate wat graag 'n kandidaat wil nomineer, kan dit doen deur 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za te stuur.


KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS**

Geen byeenkoms op Dinsdag 27 April nie

**DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE**

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam + van + stemboodskap* na 081 045 2428.

## ANNIBRAND (KATEGESE)

Geen kategese of familie- en Relevantdiens word tydens die skoolvakansie aangebied nie. Kategese en genoemde eredienste hervat weer op 9 Mei.

## STOOF VIR RUYTERWACHT

Die inwoners van 'n losieshuis vir senior burgers in Ruyterwacht, wat deur Stellenberg-gemeente ondersteun word, benodig dringend 'n stoof. Kontak asb. die kerkkantoor (karin@stellenberg.co.za/021 976 4519) indien jy 'n vierplaat- of tweeplaatstoof aan die huis kan skenk.

## AFVALWOL EN –MATERIAAL

Die breigroep ontvang graag enige wolskenkings. Afvalwol is ook welkom en sal gebruik word om serpe en musse te brei wat tydens die Karoo-uitreike aan minderbevoorregte kinders uitgedeel sal word.

'n Weldoener maak pragtige kinderklere uit afvalmateriaal en dit sal ook tydens die Karoo-uitreike aan kinders uitgedeel word. Ondersteun haar asseblief deur afvalmateriaal te skenk. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## HELPERS VIR SOP KOOK BENODIG

Ons begin weer volstoom met die kook en uitdeel van sop by verskillende sopkombuise in die Kaapse Metropool en benodig dringend die volgende:

- Sopkokers wat sop tuis sal kook en dit dan in bevrore formaat op Donderdae deur die loop van die dag (voor 15:00 ) by die markplein kan besorg.
- 'n Persoon wat bereid is om op Donderdae die sop by die kokers, wat in die omgewing woon maar dit nie self by die markplein kan besorg nie, te gaan haal en by die markplein af te lewer.
- Kontanbydraes vir die hande-en-rande-projek is ook welkom en kan na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word. Gebruik asb. "hande en rande" as verwysing.

Kontak asseblief vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy kan help. Sy sal ook die sopresep aan jou verskaf.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## PINKSTER 2021

Pinkster begin op Sondag 16 Mei met die volgende Pinksterreekse:

**Aandpinksterreekse | 16 tot 20 Mei**

Aandpinksterdiens in die kerk om 19:00 en aanlyn (Ds. Duvenhage)

Kinderpinkster in die kleinsaal om 19:00 (Brenda Visser)

Jeugpinkster in die grootsaal (Ds. Ackerman)

**Oggendpinkster 17 tot 19 Mei**

Oggendpinkster om 10:00 in die kerk (Mike van Deventer)

## NUWE BYBELSKOOLREEKS BEGIN

Die Bybelskoolreeks bestaande uit twaalf sessies gaan die unieke boodskap van die Bybel se klein profete verken. Kom ontdek die wyse waarop Bybelboeke soos Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi vandag by ons leefwêreld aansluiting vind. Die reeks begin op 10 Mei 2021 met 'n algemene inleidingsessie, en sal daarna weekliks op Maandagaande om 19:00 – 20:30 in die kerkgebou aangebied word. Opnames van die aanbiedings sal die volgende dag op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. 'n Kort handleiding sal ook beskikbaar gestel word.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Kursusgeld: 'n Donasie van R40.

Bespreek jou plek by Karin Barter 021 9764519 of karin@stellenberg.co.za.

## VATVYF-BYEENKOMS

Woensdag 5 Mei om 10:00 in die kerk. Gert Uys, 'n helikopter-vlieënier, kom vertel van sy wedervaringe as vlieënier. Hy was dikwels betrokke by die blus van veldbrande en het onlangs 'n besoek aan Antartika afgelê. Toegang is gratis, maar bespreek asb. jou plek by Karin 021 976 4519.

## BREIGROEP

Die breigroep ontmoet Maandag 3 Mei om 09:30 in die markplein. Kontak gerus vir Ria McMicken by 021 948 5456/ 083 519 0602.

**EDELWEISS BYBELSTUDIE**

Don. 29 April 14:30

Spreuke 31: Lemuel se wyshede vir 'n vroeë Moedersdag.

**HUISDIENS**

Sondag 2 Mei om 18:00

**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## FEESMARK 2021

Ons beoog om die feesmark vanaf DV Maandag 18 Oktober tot Saterdag 6 November aan te bied. Die mark het dus vanjaar twee ekstra inkopiedae.

Voornemende uitstallers kan aansoekvorms op www.stellenberg.co.za aflaai. Voltooi dit asseblief elektronies deur jou gegewens op die vorm te tik. Handskrifte is dikwels moeilik leesbaar. Stuur dit dan na feesmark@stellenberg.co.za.

Neem asseblief kennis dat daar geen aansoekvorms by die kerkkantoor beskikbaar is nie. Ons verwelkom nuwe uitstallers.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Emmerentia Marolina Broodryk (15/03/1933 - 19/04/2021). Sy was sedert 1981 ’n lidmaat van die gemeente en het in die laaste jare in die versorgingseenheid van Edelweiss Dienssentrum tuisgegaan. Haar roudiens is op Saterdag 1 Mei om 11:00 in die kerkgebou. Ons opregte meegevoel met die familie wat sy agterlaat.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou ’n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegramboodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.